Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 201] KAAPSTAD, 3 MAART 1982 / CAPE TOWN, 3 MARCH 1982 [No. 8039

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 330. 3 Maart 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 6 van 1982: Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewysigingswet, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 330. 3 March 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 6 of 1982: South African Transport Services Amendment Act, 1982.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van artikel 1 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1941, artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, artikel 1 van die Wet op Spooroorgange, 1960, artikel 1 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, artikel 1 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977, en artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, ten einde die omskrywing van „Hoofbestuurder" te vervang; tot wysiging van artikel 16 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, ten einde vir die skepping van die graad „leerlingtreindrywer" en die afskaffing van die graad „telegrafis" voorsiening te maak; tot wysiging van artikel 32 en vervanging van artikel 32B van gemelde Wet ten einde die bestaande siekefonds deur 'n mediese skema te vervang; tot invoeging van 'n artikel 9A in die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, ten einde voorsiening te maak vir die verhaling van bedrae ten opsigte van die mediese skema op jaargeldtrekkers; tot wysiging van artikel 3 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, ten einde die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste te magtig om jaargelde van tyd tot tyd te verhoog; tot wysiging van artikels 6, 7 en 18 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977, ten einde vir sekere finansiële prosedures voorsiening te maak; tot invoeging van 'n artikel 17 in gemelde Wet ten einde die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste te magtig om in verhandelbare stukke te handel en geld uit te leen of voor te skiet; tot wysiging van artikel 29 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, en artikel 12 van die Tweede Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, ten einde die datums van inwerkingtreding te bepaal; tot vervanging van artikel 51 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, ten einde daarvoor voorsiening te maak dat enige persoon as reservis in die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie aangestel kan word; tot wysiging van artikel 61 van gemelde Wet ten einde die maak van vals brandalarms en die onwettige gebruik van brandbestrydingsapparate strafbaar te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 Februarie 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 26 van 1941, soos gewysig deur artikel 2 van

**1.** Artikel 1 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1941, word hierby gewysig deur die omskrywing van „Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments. |

# ACT

**To amend section 1 of the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1941, section 1 of the Railways and Harbours Service Act, 1960, section 1 of the Level Crossings Act, 1960, section 1 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, section 1 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, section 1 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977, and section 1 of the South African Transport Services Act, 1981, so as to substitute the definition of "General Manager"; to amend section 16 of the Railways and Harbours Service Act, 1960, so as to provide for the creation of the grade "learner train driver" and the abolition of the grade "telegraphist"; to amend section 32 and substitute section 32B of the said Act so as to substitute a medical scheme for the present sick fund; to insert a section 9A in the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, so as to provide for the recovery of amounts from annuitants in respect of the medical scheme; to amend section 3 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, so as to authorize the South African Transport Services to increase annuities from time to time; to amend sections 6, 7 and 18 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977, so as to provide for certain financial procedures; to insert a section 17 in the said Act so as to authorize the South African Transport Services to trade in negotiable instruments and to lend or advance moneys; to amend section 29 of the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, and section 12 of the Second Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, so as to determine the dates of commencement; to substitute section 51 of the South African Transport Services Act, 1981, so as to provide for any person to be appointed as a reservist in the South African Railways Police; to amend section 61 of the said Act so as to make the making of false fire alarms and the illegal use of fire-fighting equipment criminal offences; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 16 February 1982.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 26 of 1941, as amended by section 2 of

**1.** Section 1 of the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1941, is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wet 6 van 1965, artikel 2 van Wet 85 van 1971, artikel 1 van Wet 45 van 1974, artikel 1 van Wet 89 van 1976, artikel 1 van Wet 67 van 1980, artikel 1 van Wet 29 van 1981 en artikel 1 van Wet 60 van 1981.

,,(v) 'Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (v)".

Wysiging van artikel 1 van Wet 22 van 1960, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 62 van 1961, artikel 7 van Wet 7 van 1963, artikel 45 van Wet 6 van 1965, artikel 60 van Wet 6 van 1965, artikel 4 van Wet 8 van 1968, artikel 4 van Wet 85 van 1971, artikel 5 van Wet 8 van 1976, artikel 11 van Wet 67 van 1980 en artikel 4 van Wet 29 van 1981.

**2.** Artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (hierna ,,die Dienswet" genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(viii) 'Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (vii)".

Wysiging van artikel 16 van Wet 22 van 1960, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 54 van 1964, artikel 50 van Wet 6 van 1965, artikel 3 van Wet 18 van 1966, artikel 2 van Wet 23 van 1967, artikel 3 van Wet 41 van 1969, artikel 7 van Wet 85 van 1971, artikel 2 van Wet 33 van 1972, artikel 9 van Wet 47 van 1973, artikel 12 van Wet 46 van 1975, artikel 12 van Wet 8 van 1976, artikel 14 van Wet 64 van 1978, artikel 4 van Wet 29 van 1981 en artikel 2 van Wet 60 van 1981.

**3.** Artikel 16 van die Dienswet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(c)* agt-en-vyftig jaar, indien hy onmiddellik voor die bereiking van daardie leeftyd die betrekking beklee het van **[** —

**(i) 'n telegrafis; of**

**(ii)]** 'n drywer van 'n lokomotief, seniorstoker, seniordrywersassistent, stoker of drywersassistent **[van]** op 'n lokomotief of 'n leerlingtreindrywer; of".

Wysiging van artikel 32 van Wet 22 van 1960, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 7 van 1963, artikels 58 en 60 van Wet 6 van 1965, artikel 5 van Wet 18 van 1966, artikel 11 van Wet 44 van 1974, artikel 14 van Wet 46 van 1975, artikel 17 van Wet 8 van 1976 en artikels 4 en 14 van Wet 29 van 1981.

**4.** Artikel 32 van die Dienswet word hierby gewysig deur paragraaf *(g)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(g)* die instelling van 'n **[siekefonds]** mediese skema en die bestuur daarvan;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





"(v) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (v)".

Act 6 of 1965, section 2 of Act 85 of 1971, section 1 of Act 45 of 1974, section 1 of Act 89 of 1976, section 1 of Act 67 of 1980, section 1 of Act 29 of 1981 and section 1 of Act 60 of 1981.

Amendment of section 1 of Act 22 of 1960, as amended by section 11 of Act 62 of 1961, section 7 of Act 7 of 1963, section 45 of Act 6 of 1965, section 60 of Act 6 of 1965, section 4 of Act 8 of 1968, section 4 of Act 85 of 1971, section 5 of Act 8 of 1976, section 11 of Act 67 of 1980 and section 4 of Act 29 of 1981.

**2.** Section 1 of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (hereinafter called the "Service Act"), is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition:

"(vii) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (viii)".

Amendment of section 16 of Act 22 of 1960, as amended by section 3 of Act 54 of 1964, section 50 of Act 6 of 1965, section 3 of Act 18 of 1966, section 2 of Act 23 of 1967, section 3 of Act 41 of 1969, section 7 of Act 85 of 1971, section 2 of Act 33 of 1972, section 9 of Act 47 of 1973, section 12 of Act 46 of 1975, section 12 of Act 8 of 1976, section 14 of Act 64 of 1978, section 4 of Act 29 of 1981 and section 2 of Act 60 of 1981.

**3.** Section 16 of the Service Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* fifty-eight years, if immediately prior to the attainment of that age he held the position of **[—**
**(i) a telegraphist; or**
**(ii)]** a driver of a locomotive, senior fireman, senior driver's assistant, fireman or driver's assistant **[of]** on a locomotive or a learner train driver; or".

Amendment of section 32 of Act 22 of 1960, as amended by section 18 of Act 7 of 1963, sections 58 and 60 of Act 6 of 1965, section 5 of Act 18 of 1966, section 11 of Act 44 of 1974, section 14 of Act 46 of 1975, section 17 of Act 8 of 1976 and sections 4 and 14 of Act 29 of 1981.

**4.** Section 32 of the Service Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(g)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(g)* the establishment of a **[sick fund]** medical scheme and the management thereof;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Vervanging van artikel 32B van Wet 22 van 1960, soos ingevoeg deur artikel 16 van Wet 64 van 1978.

**5.** Artikel 32B van die Dienswet word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Instelling en beheer van apteke.

**32B.** (1) Die Administrasie word hierby gemagtig om apteke vir die doeleindes van die mediese skema in te stel en te beheer.

(2) Die bestaande apteke wat vir die doeleindes van die siekefonds ingestel is, bly voortbestaan as apteke van die mediese skema.

(3) Alvorens nuwe apteke ingestel word, word daar met die Minister van Gesondheid en Welsyn oorleg gepleeg.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 41 van 1960.

**6.** Artikel 1 van die Wet op Spooroorgange, 1960, word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(vi) ,Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (vii)".

Wysiging van artikel 1 van Wet 35 van 1971, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 33 van 1972, artikel 15 van Wet 46 van 1975, artikel 32 van Wet 8 van 1976, artikel 17 van Wet 67 van 1980 en artikel 16 van Wet 29 van 1981.

**7.** Artikel 1 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(xiii) ,Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (vi)".

Invoeging van artikel 9A in Wet 35 van 1971.

**8.** Die volgende artikel word hierby na artikel 9 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, ingevoeg:

,,Verhaal van bedrae ten opsigte van mediese skema.

**9A.** Die Administrasie word hierby gemagtig om 'n bedrag verskuldig deur 'n jaargeldtrekker ingevolge die mediese skema bedoel in artikel 32 van die Dienswet, te verhaal op 'n jaargeld betaalbaar aan hom uit enige fonds.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 43 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 89 van 1976, artikel 18 van Wet 67 van 1980, artikel 19 van Wet 29 van 1981 en artikel 9 van Wet 60 van 1981.

**9.** Artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(x) ,Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (vi)".

Wysiging van artikel 3 van Wet 43 van 1974.

**10.** Artikel 3 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

,,(3) Die jaargelde van alle jaargeldtrekkers betaalbaar kragtens hierdie Wet of die regulasies kan van tyd tot tyd deur die Minister verhoog word. Wanneer sodanige jaargeld uit die Pensioenfonds betaalbaar is, word die verhogings uit die Pensioenfonds betaal. Wanneer sodanige jaargeld uit inkomste betaalbaar is, word die verhogings uit inkomste betaal. Wanneer sodanige jaargeld gedeeltelik uit die Pensioenfonds en gedeeltelik uit inkomste betaalbaar is, word die verhogings na verhouding uit die Pensioenfonds en uit inkomste betaal. Wanneer so 'n jaargeld uit inkomste betaal word en later uit die Pensioenfonds betaalbaar word, gaan die aanspreeklikheid vir die betaling van die verhogings vanaf die datum waarop die jaargeld 'n las teen die Pensioenfonds word uit inkomste na die Pensioenfonds oor.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**5.** The following section is hereby substituted for section 32B of the Service Act: *Substitution of section 32B of Act 22 of 1960, as inserted by section 16 of Act 64 of 1978.*

"Establishment and management of dispensaries.

**32B.** (1) The Administration is hereby empowered to establish and manage dispensaries for the purposes of the medical scheme.

(2) The existing dispensaries established for the purposes of the sick fund shall continue in existence as dispensaries of the medical scheme.

(3) Before further dispensaries are established the Minister of Health and Welfare shall be consulted.".

**6.** Section 1 of the Level Crossings Act, 1960, is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition: *Amendment of section 1 of Act 41 of 1960.*

"(vii) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (vi)".

**7.** Section 1 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition: *Amendment of section 1 of Act 35 of 1971, as amended by section 9 of Act 33 of 1972, section 15 of Act 46 of 1975, section 32 of Act 8 of 1976, section 17 of Act 67 of 1980 and section 16 of Act 29 of 1981.*

"(vi) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (xiii)".

**8.** The following section is hereby inserted after section 9 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971: *Insertion of section 9A in Act 35 of 1971.*

"Recovery of amounts in respect of medical scheme.

**9A.** The Administration is hereby empowered to recover an amount due by an annuitant under the medical scheme referred to in section 32 of the Service Act from an annuity payable to him from any fund.".

**9.** Section 1 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, is hereby amended by the substitution for the definition for "General Manager" of the following definition: *Amendment of section 1 of Act 43 of 1974, as amended by section 2 of Act 89 of 1976, section 18 of Act 67 of 1980, section 19 of Act 29 of 1981 and section 9 of Act 60 of 1981.*

"(vi) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (x)".

**10.** Section 3 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, is hereby amended by the insertion, after subsection (2), of the following subsection: *Amendment of section 3 of Act 43 of 1974.*

"(3) The annuities payable to all annuitants in terms of this Act or the regulations may be increased by the Minister from time to time. Where such annuity is payable from the Pension Fund the increases shall be paid from the Pension Fund. Where such annuity is payable from revenue the increases shall be paid from revenue. Where such annuity is payable partly from the Pension Fund and partly from revenue the increases shall be paid proportionately from the Pension Fund and from revenue. Where such annuity is being paid from revenue and subsequently becomes payable from the Pension Fund, liability for the payment of the increases shall, as from the date the annuity becomes a charge against the Pension Fund, pass from revenue to the Pension Fund. Any decision made by the Minister in the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Enige beslissing deur die Minister geneem by die uitoefen van die magte aan hom verleen kragtens die bepalings van hierdie subartikel word gepubliseer by wyse van 'n kennisgewing gerig deur die Hoofbestuurder aan die werknemers van die Administrasie in die algemeen en deur die Hoofrekenmeester van die Administrasie by wyse van 'n kennisgewing aan elke jaargeldtrekker wat geregtig is op 'n verhoging ingevolge sodanige besluit.".

*Wysiging van artikel 1 van Wet 48 van 1977, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 80 van 1979 en artikel 20 van Wet 67 van 1980.*

**11.** Artikel 1 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 (hierna ,,die Wet op Finansies en Rekenings" genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(xiii) 'Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (x)".

*Vervanging van artikel 6 van Wet 48 van 1977.*

**12.** Artikel 6 van die Wet op Finansies en Rekenings word hierby deur die volgende artikel vervang:

*,,Aanwending van besparings onder sekere omstandighede.*

**6.** **[(1)]** Wanneer geld by 'n Begrotingswet bewillig is—

*(a)* kan die Minister **[, behoudens die bepalings van subartikel (2),]** goedkeur dat 'n besparing onder enige begrotingshoof aangetoon in bylaes 1 en 2 by daardie Begrotingswet, aangewend word ter bestryding van 'n oorskryding van uitgawe **[oor 'n bedrag wat in 'Kolom 1']** onder enige ander begrotingshoof in dieselfde bylae **[voorkom]**;

*(b)* kan 'n besparing onder 'n subhoof van 'n begrotingshoof te eniger tyd aangewend word ter bestryding van 'n oorskryding van uitgawe onder 'n ander subhoof van dieselfde begrotingshoof.

**[(2) Behoudens die bepalings van artikel 7 (1) *(b)* (ii) mag die bedrae wat in 'Kolom 2' van bylaes 1 en 2 by 'n Begrotingswet voorkom, nie oorskry word nie, en besparings op enige bedrae in 'Kolom 2' van slegs bylae 1 kan, met die goedkeuring van die Minister, aangewend word ter bestryding van 'n oorskryding van uitgawe oor 'n bedrag wat in 'Kolom 1' onder enige ander begrotingshoof in dieselfde bylae voorkom.]**".

*Wysiging van artikel 7 van Wet 48 van 1977.*

**13.** Artikel 7 van die Wet op Finansies en Rekenings word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(b)* ter bestryding van **[— (i)]** uitgawe in verband met 'n verwagte oorskryding van 'n begrotingshoof wat nie sonder ernstige benadeling van die openbare belang uitgestel kan word nie totdat bewilliging daarvoor deur die Parlement gemaak kan word **[; en (ii) uitgawe in verband met 'n verwagte en/of tydelike oorskryding van bedrae wat in 'Kolom 2' van bylaes 1 en 2 by 'n Begrotingswet voorkom]**:".

*Invoeging van artikel 17 in Wet 48 van 1977.*

**14.** Die volgende artikel word hierby na artikel 16 van die Wet op Finansies en Rekenings ingevoeg:

*,,Magtiging om te handel in verhandelbare stukke en geld uit te leen of voor te skiet.*

**17.** Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of enige ander Wet, kan die Hoofbestuurder, met die goedkeuring van die Minister in elke geval, verhandelbare stukke maak, trek, aksepteer, endosseer en verhandel, en geld uitleen of voorskiet, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Minister mag bepaal, en is dit nie nodig om in sodanige gevalle ooreenkomstig 'n Wet van die Parlement te begroot om geld uit die Fonds te trek nie.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



exercise of the power vested in him in terms of the provisions of this subsection shall be published by means of a notice addressed by the General Manager to the employees of the Administration generally and by means of a notice addressed by the Chief Accountant of the Administration to each annuitant entitled to an increase in terms of such decision.".

Amendment of section 1 of Act 48 of 1977, as amended by section 15 of Act 80 of 1979 and section 20 of Act 67 of 1980.

**11.** Section 1 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977 (hereinafter called "the Finances and Accounts Act"), is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition:

"(x) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Railways and Harbours, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (xiii)".

Substitution of section 6 of Act 48 of 1977.

**12.** The following section is hereby substituted for section 6 of the Finances and Accounts Act:

"Utilization of savings in certain instances.

**6.** **[(1)]** When money has been appropriated by an Appropriation Act—

*(a)* the Minister may **[, subject to the provisions of subsection (2),]** approve the application of a saving under any vote shown in schedules 1 and 2 to that Appropriation Act, to defray an excess of expenditure **[over an amount appearing in 'Column 1']** under any other vote in the same schedule;

*(b)* a saving under a subhead of a vote may be applied at any time to defray an excess of expenditure under another subhead of the same vote.

**[(2) Subject to the provisions of section 7 (1) *(b)* (ii), the amounts appearing in 'Column 2' of schedules 1 and 2 to an Appropriation Act shall not be exceeded, and savings on any amount in 'Column 2' of schedule 1 only may, with the approval of the Minister, be applied to defray an excess of expenditure over an amount appearing in 'Column 1' under any other vote in the same schedule.]**".

Amendment of section 7 of Act 48 of 1977.

**13.** Section 7 of the Finances and Accounts Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* to defray **[—(i)]** expenditure in connection with an anticipated excess on a vote which cannot without serious prejudice to the public interest be postponed until appropriation therefor can be made by Parliament **[; and (ii) expenditure in connection with an anticipated and/or temporary excess over amounts appearing in 'Column 2' of schedules 1 and 2 to an Appropriation Act]**:".

Insertion of section 17 in Act 48 of 1977.

**14.** The following section is hereby inserted after section 16 of the Finances and Accounts Act:

"Authority to trade in negotiable instruments and to lend or advance moneys.

**17.** Notwithstanding anything to the contrary in this Act or any other law contained, the General Manager may, with the approval in each case of the Minister, make, draw, accept, endorse and negotiate negotiable instruments, and lend or advance moneys, subject to such conditions as the Minister may decide, and it shall not be necessary in such cases for any moneys withdrawn from the Fund to be appropriated in accordance with an Act of Parliament.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wet No. 6, 1982** SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1982

Wysiging van artikel 18 van Wet 48 van 1977.

**15.** Artikel 18 van die Wet op Finansies en Rekenings word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(b)* wat 'n oorskryding uitmaak oor die gemagtigde bewilliging vir 'n boekjaar ten opsigte van 'n besondere begrotingshoof **[of 'n item in ,Kolom 2']** van bylae 1 of 2 by die dan geldende Begrotingswet, en waarvoor daar nie ingevolge artikel 6 of 7 (1) *(b)*, na gelang van die omstandighede, finansiële voorsiening gemaak is nie;".

Wysiging van artikel 29 van Wet 29 van 1981, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 60 van 1981.

**16.** Artikel 29 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

,,**29.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, en tree in werking op **['n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal]** 1 April 1981, behalwe dat die bepalings van—".

Wysiging van artikel 12 van Wet 60 van 1981.

**17.** Artikel 12 van die Tweede Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

,,**12.** Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1981, en tree in werking op **['n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal]** 28 Augustus 1981, behalwe dat die bepalings van—".

Wysiging van artikel 1 van Wet 65 van 1981.

**18.** Artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,Hoofbestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,(vi) ,Hoofbestuurder' die amptenaar aangestel as Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, of iemand wat wettig in daardie hoedanigheid waarneem of iemand wat optree kragtens bevoegdheid aan hom deur die Hoofbestuurder gedelegeer; (iii)".

Vervanging van artikel 51 van Wet 65 van 1981.

**19.** Artikel 51 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Aanstel van reserviste.

**51.** Enige persoon kan as reservis van die Mag op 'n vrywillige grondslag aangestel word onder sodanige voorwaardes as wat die Kommissaris van die Mag, onderworpe aan die voorskrifte van die Minister, mag voorskryf.".

Wysiging van artikel 61 van Wet 65 van 1981.

**20.** Artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby gewysig deur die volgende paragrawe na paragraaf *(g)* in te voeg:

,,*(h)* sonder wettige magtiging 'n brandalarm, telefoon, apparaat, bord, plaat of teken wat gebruik word in verband met bestryding van brande verskuif, verwyder, bedek, beskadig, daaraan torring of peuter, dit skend of daarop verf, skryf of teken;

*(i)* enige brandalarm, telefoon of ander apparaat vir die uitsending van alarms, oproepe of seine wat betrekking het op brand vir enige doel behalwe die uitsending van 'n *bona fide*-brandalarm of -brandoproep gebruik, of op enige ander manier 'n vals alarm van brand gee,".

Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

**21.** Hierdie Wet en 'n wysiging daarvan is ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, van toepassing.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 18 of Act 48 of 1977.

**15.** Section 18 of the Finances and Accounts Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* in excess of the authorized appropriation for a financial year in respect of a particular vote **[or an item in 'Column 2']** of schedule 1 or 2 to the then current Appropriation Act and for which no financial provision has been made in terms of section 6 or 7 (1) *(b)*, according to the circumstances of the case;".

Amendment of section 29 of Act 29 of 1981, as amended by section 10 of Act 60 of 1981.

**16.** Section 29 of the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**29.** This Act shall be called the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, and shall come into operation on **[a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*]** 1 April 1981, except that the provisions of—".

Amendment of section 12 of Act 60 of 1981.

**17.** Section 12 of the Second Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**12.** This Act shall be called the Second Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1981, and shall come into operation on **[a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*]** 28 August 1981, except that the provisions of—".

Amendment of section 1 of Act 65 of 1981.

**18.** Section 1 of the South African Transport Services Act, 1981, is hereby amended by the substitution for the definition of "General Manager" of the following definition:

"(iii) 'General Manager' means the officer appointed to be General Manager of the South African Transport Services, or any person lawfully acting in that capacity or any person acting in terms of authority delegated to him by the General Manager; (vi)".

Substitution of section 51 of Act 65 of 1981.

**19.** The following section is hereby substituted for section 51 of the South African Transport Services Act, 1981:

"Appointment of reservists.

**51.** Any person may be appointed on a voluntary basis as a reservist of the Force under such conditions as the Commissioner of the Force may, subject to the directions of the Minister, prescribe.".

Amendment of section 61 of Act 65 of 1981.

**20.** Section 61 of the South African Transport Services Act, 1981, is hereby amended by the insertion after paragraph *(g)* of the following paragraphs:

"*(h)* without lawful authority moves, removes, covers, damages, interferes or tampers with, defaces or paints, writes or draws upon any fire alarm, telephone, apparatus, board, plate or sign used for combating fires;

*(i)* uses any fire alarm, telephone or other apparatus for the transmission of alarms, calls or signals relating to fire for any purpose other than the transmission of a *bona fide* fire alarm or fire call, or in any other way gives or causes to be given a false fire alarm,".

Application of Act to South West Africa.

**21.** This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wet No. 6, 1982**

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1982

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

**22.** Hierdie Wet heet die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewysigingswet, 1982, en tree in werking op die datum waarop dit in die *Staatskoerant* afgekondig word, behalwe dat die bepalings van—

(i) artikel 3 geag word vanaf die betaalmaand September 1981 in werking te getree het; en

(ii) artikels 4, 5 en 8 op 1 April 1982 in werking tree.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Short title and date of commencement.

**22.** This Act shall be called the South African Transport Services Amendment Act, 1982, and shall come into operation on the date of promulgation in the *Gazette*, except that the provisions of—

(i) section 3 shall be deemed to have come into operation from the September 1981 paymonth; and

(ii) sections 4, 5 and 8 shall come into operation on 1 April 1982.